**5.1.010 <u>Kerkplein</u>** [Erf 412 – ongeveer 1875]

<u>Groep amptenare voor die ou Goewermentsgebou</u>



[1] [2] [3] [4] [5]

1. J.C. Minnaar
2. Chris J. Joubert
3. N.J.R. Swart
4. P.J. Joubert
5. J.J. Meintjes

‘n Groep amptenare voor die ou Goewermentsgebou in 1875 toe President Burgers in Europa was. Tweede van links is J.C. Minnaar, die Registrateur van Aktes. Van links na regs is die laaste vier manne Chris J. Joubert, die latere hoof van Mynwese (die lang man), N.J.R. Swart, Goewermentsekretaris (met wit pluiskuil), P.J. Joubert, waarnemende President [met swart pluiskuil] en J.J. Meintjes [Eng-01 p 24].

In 1860 word daar tenders gevra vir die bou van ‘n tronk [S 1860-10-12] en ook vir die bou van “een algemene Lands Kantoor te Pretoria”. Dit moes bestaan uit vertrekke vir die volgende:
1. Raadsaal vir Ed. Agbare Volksraad,
2. Uitvoerende Raad,
3. Landdroskantoor,
4. Weeskamer,
5. Staatsprokureur,
6. Posmeester, en
7. Drukkery.

Voordat die saak afgehandel kon word het die burgeropstand uitgebreek en in 1864 word weereens vir tenders gevra. Volgens hierdie tender moes die gebou as volg gebou word: Fondament 2 voet bo die grond op die laagste plek met klippe, en verder 11 voet hoog

onder die balke met goed gebrande stene; die mure moet 18 duim dik wees en voorsien wees van 11 vensters met 20 ruite van agt by tien; en daar moet twee buitedeure en 7 binnedeure wees [S 1864-06-21].

Die dak van die agterste kantore (wat aan Markstraat sou front) word – vanweë die brandgevaar waaraan belangrike staatsdokumente bloodgestel sou wees – nie van ‘n grasdak voorsien nie maar wel van ‘n sinkdak.  As gevolg van fondse, en die beskikbaarheid van sinkplate, is die agterste kamers nie gelyktydig met die Kerkplein-gedeelte van die Goewermentsgebou opgerig nie.  Dit word eers in 1870 voltooi [Rex-03 p 311].  Toe hierdie foto geneem is was die agterste deel klaar aangebou.

Rosa Swanepoel

<u>Bronne</u>


Eng-01 Engelbrecht, S.P.  1952.  **Eeufees-Album: Pretoria se eerste eeu in beeld.** Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p 24]

Rex-03 Rex, H.M.  1956.  **Die geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria**.  M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria


S = Staatskoerant

Rosa Swanepoel Versameling  [Foto Kp1-002]

------------------------------------------------------------------------